



UNIE VAN SUID-AFRIKA
UNION OF SOUTH AFRICA

Staatskoerant Government Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. CLXXXIX.] PRYS 6d. PRETORIA, 19 JULIE 1957. PRICE 6d. [No. 5912.

INHOUD AGTERIN.

CONTENTS ON BACK PAGES.

PROKLAMASIES

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE HENRY ALLAN FAGAN, AMPTENAAR BELAS MET DIE UITOEFENING VAN DIE UITVOERENDE GESAG VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 205, 1957.]

DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN DIE WYSIGINGSWET OP REGISTRASIE VAN AKTES, 1957.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *een-en-veertig* van die Wysigingswet, op Registrasie van Aktes, 1957 (Wet No. 43 van 1957), verklaar ek hierby dat genoemde Wet op die negentiende dag van Julie 1957 in werking tree.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en die Goewerneur-generaal se Grootseël te Durban op hede die Sesde dag van Julie Eenduisend Negehonderd Sewe-en-vyftig.

H. A. FAGAN,
Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag.

Op las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

P. O. SAUER.

No. 206, 1957.]

KLEIN VRYSTAAT-GRONDBEWARINGSDISTRIK.—WYSIGING VAN GRENSE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *nege* van die Grondbewaringswet, 1946 (Wet No. 45 van 1946), soos gewysig, verklaar ek hierby dat die grense van die Klein Vrystaat-grondbewaringsdistrik soos omskryf in die Bylae van Proklamasie No. 177 van 25 Junie 1948, hierby gewysig word deur die woorde „Vroegeveld No. 72;” in genoemde Bylae te vervang deur die woorde „Restant van Vroegeveld No. 244; Gedeelte 3 van Vroegeveld No. 244;”.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en die Goewerneur-generaal se Grootseël te Durban, op hede die Eerste dag van Julie Eenduisend Negehonderd Sewe-en-vyftig.

H. A. FAGAN,
Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag.

Op las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

S. P. LE ROUX.

No. 207, 1957.]

WYSIGING VAN DROËVRUGTESKEMA.

Nademaal die Minister van Landbou, kragtens sub-artikel (4) van artikel *drie-en-twintig*, gelees met paragraaf (c) van subartikel (3) van artikel *sewentien* van die

1—1990003

PROCLAMATIONS

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE HENRY ALLAN FAGAN, OFFICER ADMINISTERING THE GOVERNMENT OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 205, 1957.]

DATE OF COMING INTO OPERATION OF THE DEEDS REGISTRIES AMENDMENT ACT, 1957.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *forty-one* of the Deeds Registries Amendment Act, 1957 (Act No. 43 of 1957), I hereby declare that the said Act shall come into operation on the nineteenth day of July, 1957.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and the Governor-General's Great Seal at Durban on this Sixth day of July, One thousand Nine hundred and Fifty-seven.

H. A. FAGAN,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

P. O. SAUER.

No. 206, 1957.]

KLEIN VRYSTAAT SOIL CONSERVATION DISTRICT.—ALTERATION OF BOUNDARIES.

Under the powers vested in me by section *nine* of the Soil Conservation Act, 1946 (Act No. 45 of 1946), as amended, I do hereby declare that the boundaries of the Klein Vrystaat Soil Conservation District as defined in the Schedule to Proclamation No. 177 of the 25th June, 1948, are hereby amended by substituting the words “Remainder of Vroegeveld No. 244; Portion 3 of Vroegeveld No. 244;” for the words “Vroegeveld No. 72;” where they appear in the said Schedule.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and the Governor-General's Great Seal at Durban on this First day of July, One thousand Nine hundred and Fifty-seven.

H. A. FAGAN,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

S. P. LE ROUX.

No. 207, 1957.]

DRIED FRUIT SCHEME.—AMENDMENT.

Whereas the Minister of Agriculture has, under sub-section (4) of section *twenty-three*, read with paragraph (c) of sub-section (3) of section *seventeen* of the Marketing

Bemerkingswet, 1937 (Wet No. 26 van 1937), soos gewysig, sekere voorgestelde wysigings (soos in die Bylae hiervan uiteengesit) van die Droëvrugteskema, afgekondig by Proklamasie No. 332 van 1949; soos gewysig, aangeneem het, en kragtens paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel *een-en-twintig* van genoemde Wet goedkeuring van daardie voorgestelde wysigings aanbeveel het;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by voornoemde subartikel (4) van artikel *drie-en-twintig*, gelees met paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig* van genoemde Wet, hierby verklaar dat genoemde wysigings op die 1ste September 1957 in werking tree.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en die Goewerneur-generaal se Grootseël te Durban, op hede die Sesde dag van Julie Eenduisend Negehonderd Sewe-en-vyftig.

H. A. FAGAN,
Amptenaar Belas met die Uitoefening
van die Uitvoerende Gesag.

Op las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

S. P. LE ROUX.

BYLAE.

Die Droëvrugteskema, afgekondig by Proklamasie No. 332 van 1949, soos gewysig, word hierby verder gewysig—

(1) deur artikel 2 deur die volgende artikel 2 te vervang:—

„2. (1) Hierdie skema word geadmistrateer deur die Droëvrugteraad (hierna die Raad genoem), ingestel kragtens Proklamasie No. 229 van 1938, soos gewysig, wat vir die doel uit twaalf lede bestaan, deur die Goewerneur-generaal aangestel te word, van wie—

- (a) sewe verteenwoordigers moet wees van produsente van droëvrugte en genomineer moet word soos in artikel 3 bepaal;
- (b) twee verteenwoordigers moet wees van koöperatiewe maatskappye of koöperatiewe verenigings wie se besigheid volgens oordeel van die Minister, vir 'n aansienlike gedeelte uit die verwerking en verpakking van droëvrugte bestaan, en genomineer moet word deur sodanige koöperatiewe maatskappye of koöperatiewe verenigings;
- (c) een die Koöperatiewe Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperkt, moet verteenwoordig en deur daardie Vereniging genomineer moet word;
- (d) een 'n verteenwoordiger moet wees van verbruikers van droëvrugte, en wie deur die Adviserende Verbruikerskomitee uit sy lede genomineer moet word: Met dien verstande dat wanneer sodanige lid ook ophou om 'n lid van die Adviserende Verbruikerskomitee te wees, hy ook ophou om 'n lid van die Raad te wees en 'n ander lid van daardie komitee in sy plek genomineer moet word; en
- (e) een 'n amptenaar van die Departement van Landbou moet wees en deur die Minister genomineer moet word.

(2) Die Raad kan hoogstens twee persone as adviserende lede van die Raad koöpteer.

(3) Die lede van die Raad wat voor 1 September 1957 aangestel is, bly in hulle amp totdat die termyn waarvoor hulle aangestel is verstryk het of tot die datum van aanstelling van lede van die Raad kragtens sub-artikel (1), watter tydperk ookal die kortste is: Met dien verstande dat die lid wat die Departement van Landbou verteenwoordig en wat voor sodanige datum aangestel is, sy amp beklee solank dit die Goewerneur-generaal behaag.”;

Act, 1937 (Act No. 26 of 1937), as amended, accepted certain proposed amendments (as specified in the Schedule hereto) to the Dried Fruit Scheme published by Proclamation No. 332 of 1949, as amended, and has, under paragraph (b) of sub-section (1) of section *twenty-one* of the said Act, recommended the approval of the said proposed amendments;

Now, therefore, under the powers vested in me by the aforesaid sub-section (4) of section *twenty-three*, read with paragraph (a) of sub-section (1) of section *twenty-two* of the said Act, I do hereby declare that the said amendments shall come into operation on the 1st September, 1957.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and the Governor-General's Great Seal at Durban on this the Sixth day of July, One thousand Nine hundred and Fifty-seven.

H. A. FAGAN,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

S. P. LE ROUX.

SCHEDULE.

The Dried Fruit Scheme, published by Proclamation No. 332 of 1949, as amended, is hereby further amended—

(1) by the substitution for section 2 of the following section:—

“2. (1) This scheme shall be administered by the Dried Fruit Board (hereinafter referred to as the Board), established under Proclamation No. 229 of 1938, as amended, which for that purpose shall consist of twelve members, to be appointed by the Governor-General of whom—

- (a) seven shall represent producers of dried fruit and shall be nominated as provided in section 3;
- (b) two shall represent co-operative companies or co-operative societies whose business, the opinion of the Minister, consists substantially in the processing and packing of dried fruit, and be nominated by such co-operative companies or co-operative societies;
- (c) one shall represent the Koöperatiewe Wijnbouwers Vereniging van Zuid-Afrika, Beperkt and shall be nominated by that Vereniging;
- (d) one shall represent consumers of dried fruit and shall be nominated by the Consumers' Advisory Committee from amongst its members: Provided that when such member ceases to be a member of the Consumers' Advisory Committee, he shall also cease to be a member of the Board and another member of the Committee shall be nominated in his place;
- (e) one shall be an officer of the Department of Agriculture and shall be nominated by the Minister.

(2) The Board may co-opt not more than two members as advisory members of the Board.

(3) The members of the Board appointed prior to 1st September, 1957, shall hold office until the period for which they were appointed shall have expired, or until the date of appointment of members in terms of sub-section (1); whichever shall be the shorter period: Provided that the member representing the Department of Agriculture appointed before such date, shall hold office during the Governor-General's pleasure.”;

(2) deur artikel 3 deur die volgende artikel 3 te vervang:—

„3. Van die lede van die Raad genoem in paragraaf (a) van sub-artikel (1) van artikel 2, moet—

- (i) een genomineer word deur 'n vereniging wat volgens oordeel van die Minister verteenwoordigend is van produsente van droëvrugte in die Oranjerivier-gebied in die magistraatsdistrikte Gordonia en Prieska;
- (ii) een genomineer word deur 'n vereniging wat volgens oordeel van die Minister verteenwoordigend is van produsente van droëvrugte in die Olifantsrivier-gebied in die magistraatsdistrikte Clanwilliam en Van Rhynsdorp;
- (iii) een genomineer word deur 'n vereniging wat volgens oordeel van die Minister verteenwoordigend is van produsente van droëvrugte in die gebied ingesluit deur die magistraatsdistrikte Ceres, Malmesbury, Paarl, Tulbagh en Wellington;
- (iv) een genomineer word deur 'n vereniging wat volgens oordeel van die Minister verteenwoordigend is van produsente van droëvrugte in die gebied ingesluit deur die magistraatsdistrikte Caledon, Robertson en Worcester; en
- (v) een genomineer word deur 'n vereniging wat volgens oordeel van die Minister verteenwoordigend is van produsente van droëvrugte in die gebied ingesluit deur die magistraatsdistrikte Calitzdorp, Heidelberg, Ladismith, Montagu, Oudtshoorn, Riversdal en Swellendam;
- (vi) twee, na onderlinge raadpleging, genomineer word deur koöperatiewe maatskappye of koöperatiewe verenigings wie se besigheid volgens oordeel van die Minister vir 'n aansienlike gedeelte uit die innee van droëvrugte van produsente daarvan, bestaan.”;

(3) deur die woorde „paragrafe (b) en (e) van sub-artikel (1) van artikel 2 of” in artikel 6 te skrap;

(4) deur subartikels (1), (2) en (3) van artikel 7 deur die volgende subartikels te vervang:—

„(1) Die lede van die Raad word, behoudens die bepalings van subartikel (2), vir 'n tydperk van twee jaar aangestel: Met dien verstande dat die lid genoem in paragraaf (e) van subartikel (1) van artikel 2 sy amp beklee solank dit die Goeverneur-generaal behaag.

(2) Na verloop van een jaar met ingang van die eerste aanstelling van lede van die Raad, tree vier van die sewe lede aangestel ingevolge paragraaf (a), een van die twee lede aangestel ingevolge paragraaf (b), en die lede genoem in paragrafe (c) en (d) van subartikel (1) van artikel 2 af, en die vakatures wat aldus ontstaan, word gevul.

(3) Daar word deur die lot beslis watter lede aangestel kragtens paragrafe (a) en (b) van subartikel (1) van artikel 2, ooreenkomstig subartikel (2) moet aftree.”;

(5) deur in artikel 11 na die woorde „(behalwe adviserende lede wat salarisse uit staatsfondse ontvang) deur die Raad gekoöpteer” die woorde „en lede van 'n komitee ingestel kragtens subartikel (1) *bis* van artikel 12 (uitgesonderd lede van sodanige komitee wat salarisse uit staatsfondse ontvang)” in te voeg;

(6) deur na subartikel (1) van artikel 12 die volgende nuwe subartikel (1) *bis* in te voeg:—

„(1) *bis*. Die Raad mag in enige gebied waarin hierdie skema of enige bepaling daarvan van toepassing is, of ten opsigte van enige produk of produkte waarop hierdie skema betrekking het, een of meer komitees instel wat saamgestel is

(2) by the substitution for section 3 of the following section:—

“3. Of the members of the Board referred to in paragraph (a) of sub-section (1) of section 2—

- (i) one shall be nominated by an association which, in the opinion of the Minister, is representative of producers of dried fruit in the Orange River area in the Magisterial Districts of Gordonia and Prieska;
- (ii) one shall be nominated by an association which, in the opinion of the Minister, is representative of the producers of dried fruit in the Oliphants River area in the Magisterial Districts of Clanwilliam and Van Rhynsdorp;
- (iii) one shall be nominated by an association which, in the opinion of the Minister, is representative of producers of dried fruit in the area covered by the Magisterial Districts of Ceres, Malmesbury, Paarl, Tulbagh and Wellington;
- (iv) one shall be nominated by an association which, in the opinion of the Minister, is representative of producers of dried fruit in the area covered by the Magisterial Districts of Caledon, Robertson and Worcester;
- (v) one shall be nominated by an association which, in the opinion of the Minister, is representative of producers of dried fruit in the area covered by the Magisterial Districts of Calitzdorp, Heidelberg, Ladismith, Oudtshoorn, Montagu, Riverdale and Swellendam;
- (vi) two shall be nominated, after mutual consultation, by co-operative companies or co-operative societies whose business, in the opinion of the Minister, consists substantially in the receipt of dried fruit from producers thereof.”;

(3) by the deletion in section 6 of the words “paragraphs (b) and (e) of sub-section (1) of section 2 or”;

(4) by the substitution for sub-section (1), (2) and (3) of section 7 of the following sub-sections:—

“(1) The members of the Board shall, subject to the provisions of sub-section (2), be appointed for a period of two years: Provided that the member referred to in paragraph (e) of sub-section (1) of section 2 shall hold office during the Governor-General's pleasure.

(2) After the expiration of one year from the first appointment of members of the Board, four of the seven members appointed in terms of paragraph (a), one of the two members appointed in terms of paragraph (b), and the members referred to in paragraphs (c) and (d) of sub-section (1) of section 2 shall retire and the vacancies so arising shall be filled.

(3) Which of the members appointed in terms of paragraphs (a) and (b) of sub-section (1) of section 2 shall retire in accordance with sub-section (2), shall be decided by lot.”;

(5) by the insertion in section 11 after the words “(other than advisory members in receipt of salaries from public funds) co-opted by the Board,” of the words “and members of a Committee established in terms of sub-section (1) *bis* of section 12 (other than members of such a Committee who are in receipt of salaries from public funds)”;

(6) by the insertion after sub-section (1) of section 12 of the following new sub-section (1) *bis*:—

“(1) *bis*. The Board may, in any area in which this scheme or any provision thereof applies, or in respect of any product or products to which this scheme relates, establish one or more committees to be constituted in such a manner as

op 'n wyse deur die Raad met die goedkeuring van die Minister bepaal, ten einde die Raad te adviseer aangaande enige aangeleentheid betreffende die uitvoering van hierdie skema, of enige bepaling daarvan, in die betrokke gebied, en waarvan die Raad enige van sy bevoegdhede onder hierdie skema kan oordra, en wel op die voorwaardes wat hy mag bepaal.”;

- (7) deur in subartikel (2) van artikel 14 die woorde „die Minister en” te skrap;
 (8) deur subartikel (3) van artikel 27 te skrap.

No. 208, 1957.]

WYSIGING VAN DIE KONVENSIË OOR INTERNASIONALE BURGERLIKE LUGVAART (CHICAGO, 1944).

Nademaal die wysigings, soos vervat in meegaande Bylae, van die Konvensie oor Internasionale Burgerlike Lugvaart (Chicago, 1944), soos uiteengesit in die Bylae van die Luchtvaartwet, 1923 (Wet No. 16 van 1923), soos gewysig, ooreenkomstig paragraaf (b) van artikel twee van genoemde Wet namens die Unie van Suid-Afrika bekragtig is;

En nademaal die getal bekragtigings wat nodig is om genoemde wysigings van krag te laat word, by die Organisasie vir Internasionale Burgerlike Lugvaart ingedien is;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (b) van artikel twee van bogenoemde Wet, hierby verklaar dat genoemde wysigings vanaf die datum van afkondiging hiervan in die Unie in ag geneem moet word en krag van wet het.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en die Goewerneur-generaal se Grootseël te Kaapstad, op hede die Twaalfde dag van Junie Eenduisende Negehonderd Sewe-en-vyftig.

H. A. FAGAN,
 Amptenaar Belas met die Uitoefening
 van die Uitvoerende Gesag.

Op Las van Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

B. J. SCHOEMAN.

BYLAE.

1. In Artikel 48 (a) vervang die woord „jaarliks” deur die uitdrukking „minstens een keer in drie jaar”;
2. In Artikel 49 (e) vervang die uitdrukking „'n jaarlikse begroting” deur die uitdrukking „jaarlikse begrotings”; en
3. In Artikel 61 vervang die uitdrukkings „'n jaarlikse begroting” en „keur die begroting goed” deur die uitdrukkings „jaarlikse begrotings” en „keur die begrotings goed”.

No. 209, 1957.]

WYSIGING VAN DIE SESDE BYLAE VAN DIE WET OP GENEESHARE, TANDARTSE EN APTEKERS, 1928 (WET NO. 13 VAN 1928), SOOS GEWYSIG.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (2) van artikel een-en-sestig bis van die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1928 (Wet No. 13 van 1928), soos gewysig by artikel agtien van die Wysigingswet op Geneeshere, Tandartse en Aptekers, 1954, wysig ek hierby op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Geneeskundige en Tandheerkundige Raad en die Suid-Afrikaanse Aptekerskommissie soos by genoemde artikel bepaal, die Sesde Bylae van genoemde Wet wat deur die bestaande Bylae deur die volgende te vervang:—

SESDE BYLAE.

MOONTLIKE NADELIGE MEDISYNE.

Allilisopropielasetilurea.
 Amidopirien, Amidopirien soute, preparate en mengsels wat Amidopirien en sy soute bevat.

may be determined by the Board with the approval of the Minister, for the purpose of advising the Board in regard to any matter relating to the administration of this scheme or any provisions thereof in the area in question, and to which the Board may, on such conditions as it may determine, assign any of its powers under this scheme.”;

- (7) by the deletion in sub-section (2) of section 14 of the words “the Minister and”;
 (8) by the deletion of sub-section (3) of section 27.

No. 208, 1957.]

AMENDMENTS TO THE CONVENTION ON INTERNATIONAL CIVIL AVIATION (CHICAGO, 1944).

Whereas the amendments, contained in the Schedule hereto, to the Convention on International Civil Aviation (Chicago, 1944), as set out in the Schedule to the Aviation Act, 1923 (Act No. 16 of 1923), as amended, have, in terms of paragraph (b) of section two of the said Act, been ratified on behalf of the Union of South Africa;

And whereas the number of ratifications required to bring the said amendments into force have been deposited with the International Civil Aviation Organization;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by paragraph (b) of section two of the above-mentioned Act, I hereby declare that the said amendments shall, with effect from the date of promulgation hereof, be observed and have the force and effect of law in the Union.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and the Governor-General's Great Seal at Cape Town on this Twelfth day of June, One thousand Nine hundred and Fifty-seven.

H. A. FAGAN,
 Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

B. J. SCHOEMAN.

SCHEDULE.

1. In Article 48 (a) substitute for the word “annually” the expression “not less than once in three years”;
2. In Article 49 (e) substitute for the expression “an annual budget” the expression “annual budgets”; and
3. In Article 61, substitute for the expressions “an annual budget” and “vote the budget” the expressions “annual budgets” and “vote the budgets”.

No. 209, 1957.]

AMENDMENT OF THE SIXTH SCHEDULE OF THE MEDICAL, DENTAL AND PHARMACY ACT, 1928 (ACT NO. 13 OF 1928), AS AMENDED.

Under the powers vested in me by sub-section (2) of section sixty-one bis of the Medical, Dental and Pharmacy Act, 1928 (Act No. 13 of 1928), as amended by section eighteen of the Medical, Dental and Pharmacy Amendment Act, 1954, on the recommendation of the South African Medical and Dental Council and the South African Pharmacy Board, as provided in the said section, I hereby amend the Sixth Schedule to the said Act by the substitution for the existing Schedule of the following:—

SIXTH SCHEDULE.

POTENTIALLY HARMFUL DRUGS.

Allylisopropylacetylurea.
 Amidopyrine, Amidopyrine salts, preparations and admixtures containing Amidopyrine and its salts.

Antibiotieke, enige antimikrobiëse stof deur bakterieë, swamme of protosoë saamgevoeg, en enige stof waarvan die skeikundige eienskappe dieselfde is as of soortgelyk is aan sodanige antimikrobiëse stof maar wat nie uit lewende organismes voortgebring word nie, synde 'n stof wat vir die spesifieke behandeling van infeksie gebruik word, hulle soute en preparate en mengsels wat hulle bevat, behalwe daardie stowwe, preparate en mengsels wat ingevolge die bepalings van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Saad en Middels, 1947 (Wet No. 36 van 1947), geregistreer is en verkoop word.

Barbituursuur. Soute van barbituursuur. Derivate van barbituursuur. Soute van barbituursuur derivate. Verbindings van die voorafgaande met enige ander stowwe behalwe preparate of mengsels—

- (i) wat een-kwart grein per dosis of minder van enige hiervan bevat in verbinding met medisinale stowwe;
- (ii) wat hoogstens 'n halfgrein per dosis van hierdie stowwe bevat in verbinding met—
 - (a) minstens vyf grein teobromien; of
 - (b) minstens 'n kwartgrein efedrien; of
 - (c) minstens een-en-n-half-grein teofillienetieendiamien.

Benaktisien-hidrokloried.

Beta-amino-propiepbenseen. Alfa-metiel-fenetilamien. Derivate van beide die voorafgaande stowwe waarvan enige groep deur 'n ander radikaal vervang is. Preparate en mengsels van die voorafgaande stowwe, behalwe wanneer dit vervat is in toestelle vir inaseming waarin die gif in inaktiewe soliede materiaal geabsorbeer is.

Dikumarol. Etiel-biskumasetaat. Soortgelyke anti-stolmiddels, uitgesonderd wanneer in knaagdier- en wurmdoder gebruik.

Di-isopropiel fluoorfosfonaat en preparate en mengsels daarvan.

Dinitrokresole. Dinitrofenole. Dinitronaftole. Dinitrotimole. Preparate en mengsels wat die voorafgaande stowwe bevat, behalwe preparate en mengsels wat nie vir behandeling van menslike kwale bedoel is nie.

Hormone (natuurlik of sinteties), uitgesonderd dié wat ingevolge die bepalings van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Saad en Middels, 1947, geregistreer is en verkoop word, en uitgesonderd insulien en adrenalin.

Estrogene (natuurlik of sinteties), preparate en mengsels daarvan, uitgesonderd daardie stowwe, preparate en mengsels daarvan wat ingevolge die bepalings van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Saad en Middels, 1947, geregistreer is en verkoop word.

Para-asetilamino-bensaldehyd-tiosemikarbason (ook bekend as tiosemikarbason).

Para-aminobenseensulfonamied. Soute van para-aminobenseensulfonamied. Derivate van para-aminobenseensulfonamied waarvan enigeen van die waterstof-atome van die groep para-amino of van die sulfonamied-groep deur 'n ander radikaal vervang is, en hulle soute. Stowwe, preparate en mengsels wat die voorafgaande bevat, behalwe daardie stowwe en preparate en mengsels daarvan wat vir uitwendige gebruik bedoel is en behalwe daardie stowwe, preparate en mengsels wat ingevolge die bepalings van die Wet op Misstowwe, Veevoedsel, Saad en Middels, 1947, geregistreer is en verkoop word.

Paraldehyd en preparate en mengsels daarvan.

Fenotiasien en preparate en mengsels daarvan, wanneer dit vir die behandeling van kwale by mense bedoel is.

Fenielbutasoon en preparate en mengsels daarvan.

Rauwolfia serpentina, en alle stowwe, preparate of mengsels wat een-tiende persent of meer rauwolfia serpentina-alkaloïede bevat.

Tetra-etiel-tiuramdisulfied.

Uretane en ureiede, alle giftige vorme van. Preparate en mengsels daarvan, behalwe preparate en mengsels wat nie vir behandeling van menslike kwale bedoel is nie.

Antibiotics, any antimicrobial substance synthesized by bacteria, fungi or protozoa, and any substance the chemical properties of which are identical with or similar to any such antimicrobial substance but which is not produced from living organisms, being a substance which is used in the specific treatment of infections, their salts and preparations and admixtures containing them, except those substances, preparations and admixtures registered and sold under the provisions of the Fertilizers, Farm Feeds, Seeds and Remedies Act, 1947 (Act No. 36 of 1947).

Barbituric acid. Barbituric acid salts. Barbituric acid derivatives. Barbituric acid derivative salts. Compounds of the foregoing with any other substance except preparations and admixtures—

- (i) containing one-quarter grain per dose or less of any of these in association with medicinal substances;
- (ii) containing not more than one-half grain per dose of these substances in combination with—
 - (a) not less than five grains theobromine; or
 - (b) not less than one-quarter grain of ephedrine; or
 - (c) not less than one and one-half grains of theophylline ethylenediamine.

Benactyzine Hydrochloride.

Beta-amino-propylbezene. Alpha-methyl-phenethylamine. Derivatives of both the foregoing having any group substituted by another radical. Preparations and admixtures of all of the foregoing, except when contained in appliances for inhalation in which the poison is absorbed in inert solid material.

Dicoumarol. Ethyl biscoumacetate. Anti-coagulants of a like nature, except when used in rodenticides and vermicides.

Di-isopropyl flourophosphonate and preparations and admixtures thereof.

Dinitrocresols. Dinitrophenols. Dinitronaphthols. Dinitrothymols. Preparations and admixtures containing the foregoing except preparations and admixtures not intended for the treatment of human ailments.

Hormones (natural or synthetic), except when registered and sold under the provisions of the Fertilizers, Farm Feeds, Seeds and Remedies Act, 1947, and except Insulin and Adrenalin.

Oestrogens (natural or synthetic), preparations and admixtures thereof, except those substances, preparations and admixtures thereof registered and sold under the provisions of the Fertilizers, Farm Feeds, Seeds and Remedies Act, 1947.

Para - acetyl amino - benzaldehyde - thiosemicarbazone (also known as thiosemicarbazone).

Para-aminobenzenesulphonamide. Salts of para-aminobenzenesulphonamide. Derivatives of para-aminobenzenesulphonamide having any of the hydrogen atoms of the para-amino group or of the sulphonamide group substituted by another radical, and their salts. Substances, preparations and admixtures containing the foregoing except those substances and preparations and admixtures thereof intended for external use and except those substances, preparations and admixtures registered and sold under the provisions of the Fertilizers, Farm Feeds, Seeds and Remedies Act, 1947.

Paraldehyde and preparations and admixtures thereof.

Phenothiazine and preparations and admixtures thereof when intended for the treatment of human ailments.

Phenylbutazone and preparations and admixtures thereof.

Rauwolfia serpentina and all substances, preparations or admixtures containing one-tenth or more per cent of rauwolfia serpentina alkaloids.

Tetraethylthiuram disulphide.

Urethanes and ureides, all poisonous forms of. Preparations and admixtures of the foregoing, except preparations and admixtures not intended for the treatment of human ailments.

GOD BEOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand en die Goewerneur-generaal se Grootseël te Durban, op hede die Negende dag van Julie Eenduisend Negehonderd Sewe-en-vyftig.

H. A. FAGAN,
Amptenaar belas met die Uitoefening
van die Uitvoerende Gesag.

Op las van Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag-in-rade.

J. H. VILJOEN.

GOEWERMENSKENNISGEWINGS.

Onderstaande Goewermenskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer:—

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. 1067.] [19 Julie 1957.

REGSTELLING.

WYSIGING VAN DIE REÛLS VAN DIE HOF VAN DIE NATALSE PROVINSIALE EN PLAASLIKE AFDELING DURBAN EN KUS VAN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

Die volgende regstellings van Goewermenskennisgewing No. 856 van 14 Junie 1957 word vir algemene inligting bekendgemaak:—

Wysiging (2).—

- (a) In die Engelse teks van reël 4 (2) van Order III, vervang die woord „laws” deur die woord „law”.
- (b) In die Engelse teks van reël 5 van Order III, vervang die woord „Divisoin” deur die woord „Division”.
- (c) In die Engelse teks van reël 7 van Order III, vervang die woord „Durban” deur die woord „Pietermaritzburg” en skrap die woorde „hear matters” waar hulle die tweede maal voorkom.
- (d) In die Engelse teks van reël 12 van Order III, vervang die woord „in” waar dit na die woord „Durban” voorkom, deur die woord „is”.

No. 1065.] [19 Julie 1957.

DIE DRANKWET, 1928, SOOS GEWYSIG.—WYSIGING VAN GOEWERMENSKENNISGEWING No. 2400 VAN 28 DESEMBER 1956.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (3) van artikel *dertien* van die Drankwet, 1928 (Wet No. 30 van 1928), soos gewysig, wysig ek, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister van Justisie van die Unie van Suid-Afrika, hierby Goewermenskennisgewing No. 2400 van 28 Desember 1956 deur die magistraatsdistrikte Sasolburg en Vredenburg onderskeidelik by Dranklisensiegebied No. 32 en No. 3 te voeg.

C. R. SWART,
Minister van Justisie.

DEPARTEMENT VAN GEVANGENISSE.

No. 1068.] [19 Julie 1957.

AANWYSING VAN 'N BOERDERYKOLONIE OP DIE PLAAS ZONDERWATER No. 170, DISTRIK BRONKHORSTSPRUIT.

Hierby word dit vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Edele die Minister van Justisie behaag het om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *vyftig* (1) van Wet No. 13 van 1911, soos gewysig, goed te keur dat 'n deel van die gevangenis te Zonderwater No. 170, soos gewysig, afgekondig by Goewermenskennisgewing No. 3116 van 7 Desember 1951, met ingang van 10 Julie 1957, uitgehou kan word as 'n boerderykolonie vir die opname van volwasse Naturellemans.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and the Governor-General's Great Seal at Durban on this Ninth day of July, One thousand Nine hundred and Fifty-seven.

H. A. FAGAN,
Officer Administering the Government.

By Command of His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council.

J. H. VILJOEN.

GOVERNMENT NOTICES.

The following Government Notices are published for general information:—

DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. 1067.] [19 July 1957.

CORRECTION NOTICE.

AMENDMENT TO THE RULES OF COURT OF THE NATAL PROVINCIAL DIVISION AND DURBAN AND COAST LOCAL DIVISION OF THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA.

The following corrections to Government Notice No. 856, dated the 14th June, 1957, are published for general information:—

Amendment (2).

- (a) In rule 4 (2) of Order III, substitute the word “law” for the word “laws”.
- (b) In rule 5 of Order III, substitute the word “Division” for the word “Divisoin”.
- (c) In rule 7 of Order III, substitute the word “Pietermaritzburg” for the word “Durban” and delete the words “hear matters” where they occur for the second time.
- (d) In rule 12 of Order III, substitute the word “is” for the word “in” where is occurs after the word “Durban”.

No. 1065.] [19 July 1957.

THE LIQUOR ACT, 1928, AS AMENDED.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE No. 2400, DATED THE 28TH DECEMBER, 1956.

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (3) of section *thirteen* of the Liquor Act, 1928 (Act No. 30 of 1928), as amended, I, CHARLES ROBBERTS SWART, Minister of Justice of the Union of South Africa, hereby amend Government Notice No. 2400, dated the 28th December, 1956, by the addition of the Magisterial Districts of Sasolburg and Vredenburg to Liquor Licensing Area No. 32 and No. 3, respectively.

C. R. SWART,
Minister of Justice.

DEPARTMENT OF PRISONS.

No. 1068.] [19 July 1957.

ESTABLISHMENT OF A FARM COLONY ON THE FARM ZONDERWATER No. 170, BRONKHORSTSPRUIT DISTRICT.

It is hereby notified for general information that the Honourable the Minister of Justice has been pleased to approve, by virtue of the powers vested in him by section *fifty* (1) of Act No. 13 of 1911, as amended, of the reservation of part of the convict prison at Zonderwater No. 170, as published by Government Notice No. 3116 of the 7th December, 1951, as a Farm Colony for the reception of Native male adults, with effect from the 10th July, 1957.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

No. 1076.] [19 Julie 1957.
LANDRAAD.—AANSTELLING VAN LID.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Amptenaar Belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag het om ooreenkomstig die bepalings van artikel sewe van die Nedersettingswet, No. 21 van 1956, sy goedkeuring te heg aan die aanstelling van Jacobus Nicolaas Moolman as lid van die plaaslike landraad vir die gedeeltes van die Provinsies Transvaal en Kaap die Goeie Hoop soos omskryf in artikel sewe (1) (c) van bogenoemde Wet en soos verder omskryf in Proklamasie No. 172 van 1955, vir 'n tydperk van drie jaar met ingang van 3 Julie 1957.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

No. 1072.] [19 Julie 1957.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat mnr. H. Hoffman die aanstelling vir vrywillige diens in die Sentrale Spaarsaamheidskomitee te Kaapstad, aangeneem het.

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

No. 1058.] [19 Julie 1957.

Hierby word bekendgemaak dat mnr. J. K. Christie op 28 Junie 1957 deur die Vise-President van die Switserse Konfederasie ontvang is, en dat hy by daardie geleentheid sy Geloofsbrief as Buitengewone Gesant en Gevolmagtigde Minister van die Unie van Suid-Afrika in Switserland, oorhandig het.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU.

No. 1029.] [12 Julie 1957.

REGISTRASIE VAN BRANDMERKE.—ORANJE-VRYSTAAT.

Onderstaande brandmerke word hierby, ingevolge artikel vyf van die „Orange River Colony Brands Registration Ordinance”, 1903, vir algemene inligting gepubliseer:—

No. No.	Name. Naam.	Address. Adres.	District. Distrik.	Brand. Brandmerk.
2507	Fourie, H. S..... Fourie, J. C.....	Tienie Grobler Street/-straat, Heilbron..... Oppermanshoogte, Post Bag/Possak 5, Viljoensdrif	Heilbron..... Heilbron.....	} JF 2
2508	Lombard, S. J.....	Twyfelfontein, P.O./Pk. Kommissiepoort.....	Ladybrand.....	
2509	Saaiman, B.....	Onverwag, P.O./Pk. Bultfontein.....	Bultfontein.....	S J L B S

12-19-29

No. 1066.] [19 Julie 1957.

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING EN INSPEKSIE VAN DROËBONE WAT VIR UITVOER BESTEM IS.

Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag van die Unie van Suid-Afrika het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel ses van die Landbouvoortbrengselen Uitvoer Wet, 1917 (Wet No. 35 van 1917), soos gewysig, die regulasies vervat in die Bylae hiervan met betrekking tot die gradering en inspeksie van droëbone wat vir uitvoer bestem is, gemaak ter vervanging van die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 1630 van 31 Julie 1953.

DEPARTMENT OF LANDS.

No. 1076.] [19 July 1957.
LAND BOARD.—APPOINTMENT OF MEMBER.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased to approve, in terms of section seven of the Land Settlement Act, No. 21 of 1956, of the appointment of Jacobus Nicolaas Moolman as a member of the local land board for those portions of the Provinces of the Transvaal and the Cape of Good Hope as defined in section seven (1) (c) of the above-mentioned Act and as further defined by Proclamation No. 172 of 1955, for a period of three years with effect from the 3rd July, 1957.

DEPARTMENT OF FINANCE.

No. 1072.] [19 July 1957.

It is hereby notified for general information that Mr. H. Hoffman has accepted appointment for voluntary service on the Central Thrift Committee at Cape Town.

DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS.

No. 1058.] [19 July 1957.

It is hereby notified that Mr. J. K. Christie was received by the Vice-President of the Swiss Confederation on the 28th June, 1957, on which occasion he presented his letter of Credence as Envoy Extraordinary and Minister Plenipotentiary of the Union of South Africa in Switzerland.

DEPARTMENT OF AGRICULTURE

No. 1029.] [12 July 1957.

REGISTRATION OF BRANDS.—ORANGE FREE STATE.

The following brands are published for general information under section five of the Orange River Colony Brands Registration Ordinance, 1903:—

No. 1066.] [19 July 1957.

REGULATIONS RELATING TO THE GRADING AND INSPECTION OF DRIED BEANS INTENDED FOR EXPORT.

His Excellency the Officer Administering the Government of the Union of South Africa has, under the powers vested in him by section six of the Agricultural Produce Export Act, 1917 (Act No. 35 of 1917) as amended, made the regulations contained in the Schedule hereto relating to the grading and inspection of dried beans intended for export in substitution for the regulations published by Government Notice No. 1630 of the 31st July, 1953.

BYLAE.

WOORDOMSKRYWING.

1. Vir die toepassing van hierdie regulasies en tensy dit in stryd is met die samehang daarvan, beteken—
„droëbone”, die gedorste ryp saad van—

- (a) groot wit nierbone van *Phaseolus multiflorus*;
- (b) alle variëteite van *Phaseolus vulgaris*; en
- (c) Teparybone van *Phaseolus acutifolius*;

„vreemde voorwerpe”, alle ander voorwerpe as droëbone soos hierbo omskryf;

„heel en gebreekte los saadlobbe”, saadlobbe wat gebreek is of wat nie meer aanmekaar is nie;

„gebrekkige droëbone”, droëbone of stukke van droëbone wat klaarblyklik—

- (a) verkrompel is;
- (b) uitgeloop is;
- (c) deur insekte gevreet, geboor of andersins beskadig is;
- (d) deur weer, ryp, hitte, vog, siekte, swamme of op enige ander wyse beskadig, gevlek, gestip-pel of verkleur is;

maar omvat nie droëbone met geplooid saadhuide of droëbone met gebreekte saadhuide of heel en gebreekte los saadlobbe wat andersins gesond is nie;

„droëbone wat nie tipe-eg is nie”, droëbone wat nie voldoen aan die vorm en grootte van die klas waarin hulle voorkom nie;

„droëbone met geplooid saadhuide”, droëbone waarvan die saadhuide duidelik geplooi is;

„droëbone met gebreekte saadhuide”, droëbone waarvan die vel of saadhuide om die saadlobbe duidelik op een of meer plekke gebars of gebreek is;

„insekte wat vir droëbone skadelik is”, die droëboonkewers *Bruchus obtectus* Say en *Bruchus pisorum* L.;

„uitvoer”, die uitvoer van droëbone na enige land of gebied buite die Unie van Suid-Afrika, uitgesonderd die gebied Suidwes-Afrika, Basoetoland, die Bechuanaland protektoraat, Swaziland, Mosambiek en die Federasie van Rhodesië en Nyassaland;

„oesjaar”, met betrekking tot 'n hoeveelheid droëbone, die kalenderjaar waarin sodanige droëbone ge-oes is;

„vogtoetsolie”, Epicslaai- en kookolie wat deur Epic Oil Mills (Pty.), Ltd. vervaardig word.

KLASSIFISERING EN GRADERING VAN DROËBONE.

2. (1) Vir graderingsdoeleindes moet droëbone soos volg geklassifiseer word:—

- (a) Klas A is die groot, wit nierbone van *Phaseolus multiflorus* en wat 'n telling van hoogstens 42 droëbone per 30 gram het;
- (b) Klas B is die middelslag, wit droëbone van *Phaseolus vulgaris*, wat 'n telling van minstens 42 en hoogstens 90 droëbone per 30 gram het;
- (c) Klas C is die klein, wit droëbone van *Phaseolus vulgaris*, wat 'n telling van meer as 90 droëbone per 30 gram het;
- (d) Klas D is die wit teparybone van *Phaseolus acutifolius*;
- (e) Klas E is die gespikkelde of gemarmerde suikerboontipes van *Phaseolus vulgaris*, maar omvat nie eenkleurige of bontkleurige droëbone nie;
- (f) Klas F is enige variëteit droëbone van *Phaseolus vulgaris* met eenvormige vorm en kleur waarvoor geen voorsiening in die voorgaande klasse gemaak word nie en wat volgens variëteit genoem word; en
- (g) Klas G is mengsels van droëbone van *Phaseolus multiflorus*, *Phaseolus vulgaris* en/of *Phaseolus acutifolius* met onreëlmatige vorm en kleur: Met dien verstande dat kolom VI, in die volgende graderingstabelle nie op hierdie klas droëbone van toepassing is nie.

SCHEDULE.

DEFINITIONS.

1. For the purpose of these regulations, unless inconsistent with the context thereof—

“dried beans” shall mean the threshed, ripe seed of—

- (a) large white kidney beans of *Phaseolus multiflorus*;
- (b) all varieties of *Phaseolus vulgaris*; and
- (c) Tepary beans of *Phaseolus acutifolius*;

“foreign matter” shall mean any matter other than dried beans as defined above;

“whole and broken loose cotyledons” shall mean cotyledons that are broken or that are no longer attached to one another;

“defective dried beans” shall mean dried beans or pieces of dried beans that are obviously—

- (a) wizened;
- (b) sprouted;
- (c) eaten, bored or otherwise damaged by insects;
- (d) damaged, spotted, mottled or discoloured by weather, frost, heat, moisture, disease, fungi or any other agency;

but shall not include dried beans with wrinkled testa or dried beans with broken testa or whole and broken loose cotyledons that are otherwise sound;

“off-type dried beans” shall mean dried beans that do not conform to shape and size of the class in which they appear;

“dried beans with wrinkled testa” shall mean dried beans of which the testa clearly reveals wrinkles;

“dried beans with broken testa” shall mean dried beans of which the seed coat or testa is visibly cracked or broken at one or more places;

“insects that are injurious to dried beans” shall mean the dried bean beetles *Bruchus obtectus* Say and *Bruchus pisorum* L.;

“export” shall mean the export of dried beans to any country or territory outside the Union of South Africa except the territory of South West Africa, Basutoland, the Bechuanaland Protectorate, Swaziland, Mocambique and the Federation of Rhodesia and Nyassaland;

“crop year” in relation to any quantity of dried beans shall mean the calendar year during which such dried beans were reaped;

“moisture testing oil” shall mean Epic salad and cooking oil manufactured by Epic Oil Mills (Pty.) Ltd.

CLASSIFICATION AND GRADING OF DRIED BEANS.

2. (1) For purpose of grading, dried beans shall be classified as follows:—

- (a) Class A shall be the large white kidney beans of *Phaseolus multiflorus* which shall have a count of not more than 42 dried beans per 30 grammes;
- (b) Class B shall be the medium sized white dried beans of *Phaseolus vulgaris* which shall have a count of not less than 42 and not more than 90 dried beans per 30 grammes;
- (c) Class C shall be the small white dried beans of *Phaseolus vulgaris* which shall have a count of more than 90 dried beans per 30 grammes;
- (d) Class D shall be the white tepary beans of *Phaseolus acutifolius*;
- (e) Class E shall be the mottled or speckled sugar bean types of *Phaseolus vulgaris* but shall not include unicoloured or multicoloured dried beans;
- (f) Class F shall be any variety of dried beans of *Phaseolus vulgaris* of uniform shape and colour which is not provided for in the foregoing classes and which is named according to variety; and
- (g) Class G shall be mixtures of dried beans of *Phaseolus multiflorus*, *Phaseolus vulgaris* and/or *Phaseolus acutifolius* of irregular shape and colour; Provided that column VI of the following grading tables shall not apply to this class of dried beans.

(2) Behoudens die bepalings van subregulasie (3) moet alle droëbone van die klasse in subregulasie (1) omskryf, gegradeer word ooreenkomstig die vereistes in onderstaande tabelle uiteengesit.

(2) Subject to the provisions of sub-regulation (3) all dried beans of the classes defined in sub-regulation (1), shall be graded in accordance with the requirements set out on the tables below:—

GRADE VIR KLAS A DROËBONE.

Kolom I.	Kolom II.	Kolom III.	Kolom IV.	Kolom V.	Kolom VI.	Kolom VII.	Kolom VIII.
Graad.	Maksimum toelaatbare persentasie vreemde voorwerpe volgens gewig.	Maksimum toelaatbare persentasie heel en gebreekte los saadlobbe volgens gewig.	Maksimum toelaatbare persentasie gebrekkige droëbone volgens gewig.	Maksimum toelaatbare persentasie droëbone van 'n ander kleur as dié van die klas volgens gewig.	Maksimum toelaatbare persentasie droëbone wat nie tipe-eg is nie volgens gewig.	Maksimum toelaatbare persentasie droëbone met geplooide saadheid volgens gewig.	Maksimum toelaatbare persentasie droëbone met gebreekte saadheid volgens gewig.
E.B. 1.....	0·10	1	2	0·25	1·0	10	10
E.B. 2.....	0·25	2	3	0·50	2·0	12	20
E.B. 3.....	1·00	4	8	1·00	3·5	15	40

GRADE VIR KLASSE B, C, D, E, F EN G.

Kolom I.	Kolom II.	Kolom III.	Kolom IV.	Kolom V.	Kolom VI.	Kolom VII.	Kolom VIII.
Graad.	Maksimum toelaatbare persentasie vreemde voorwerpe volgens gewig.	Maksimum toelaatbare persentasie heel en gebreekte los saadlobbe volgens gewig.	Maksimum toelaatbare persentasie gebrekkige droëbone volgens gewig.	Maksimum toelaatbare persentasie droëbone van 'n ander kleur as dié van die klas volgens gewig.	Maksimum toelaatbare persentasie droëbone wat nie tipe-eg is nie volgens gewig.	Maksimum toelaatbare persentasie droëbone met geplooide saadheid volgens gewig.	Maksimum toelaatbare persentasie droëbone met gebreekte saadheid volgens gewig.
E.B. 1.....	0·10	1	2	0·25	1·0	1	2
E.B. 2.....	0·25	2	3	0·50	2·0	3	3
E.B. 3.....	1·00	4	8	1·00	3·5	5	5

GRADES FOR CLASS A DRIED BEANS.

Column I.	Column II.	Column III.	Column IV.	Column V.	Column VI.	Column VII.	Column VIII.
Grade.	Maximum permissible percentage of foreign matter, by weight.	Maximum permissible percentage of whole and broken, loose Cotyledons, by weight.	Maximum permissible percentage of defective dried beans, by weight.	Maximum permissible percentage of dried beans of a colour other than that of the class, by weight.	Maximum permissible percentage of off-type dried beans, by weight.	Maximum permissible percentage of dried beans with wrinkled testa, by weight.	Maximum permissible percentage of dried beans with broken testa, by weight.
E.B. 1.....	0·10	1	2	0·25	1·0	10	10
E.B. 2.....	0·25	2	3	0·50	2·0	12	20
E.B. 3.....	1·00	4	8	1·00	3·5	15	40

GRADES FOR CLASSES B, C, D, E, F AND G.

Column I.	Column II.	Column III.	Column IV.	Column V.	Column VI.	Column VII.	Column VIII.
Grade.	Maximum permissible percentage of foreign matter, by weight.	Maximum permissible percentage of whole and broken, loose Cotyledons, by weight.	Maximum permissible percentage of defective dried beans, by weight.	Maximum permissible percentage of dried beans of a colour other than that of the class, by weight.	Maximum permissible percentage of off-type dried beans, by weight.	Maximum permissible percentage of dried beans with wrinkled testa, by weight.	Maximum permissible percentage of dried beans with broken testa, by weight.
E.B. 1.....	0·10	1	2	0·25	1·0	1	2
E.B. 2.....	0·25	2	3	0·50	2·0	3	3
E.B. 3.....	1·00	4	8	1·00	3·5	5	5

(3) Droëbone wat nie aan die vereistes van die een of ander van die klasse of grade in subregulasies (1) en (2) uiteengesit, voldoen nie, of wat—

- (a) 'n muwwe of ander onaangename reuk het;
 - (b) behandel is met 'n chemiese stof wat dit vir menslike verbruik ongeskik maak;
 - (c) sade van die bone bekend as „Jack-” of Swardbone (*Canavalia ensiformis*) bevat; of
 - (d) 'n voggehalte van meer as 14 persent het;
- word as ondergraad-droëbone gegradeer.

BEPALING VAN GEBREKE.

3. By die bepaling van klasse en grade droëbone soos in regulasie 2 omskryf, moet onderstaande metodes toegepas word:—

(1) *Monsterneming*.—Monsters van droëbone word verkry deur klein hoeveelhede droëbone op verskillende hoogtes met 'n steker of met die hand uit elke sak te neem. Indien gevind word dat die droëbone

(3) Dried beans which do not comply with the requirements for one or other of the classes or grades set out in sub-regulations (1) and (2) or which—

- (a) have a moldy or other offensive smell;
 - (b) have been treated with a chemical substance which renders it unfit for human consumption;
 - (c) contain seeds of beans known as “Jack” beans or sword beans (*Canavalia ensiformis*); or
 - (d) have a moisture content of more than 14 per cent;
- shall be graded as undergrade dried beans.

DETERMINATION OF DEFECTS.

3. In the determination of classes and grades of dried beans as defined in regulation 2, the following methods shall be applied:—

(1) *Sampling*.—Samples of dried beans shall be obtained by removing by hand or probe small quantities of dried beans at various heights from every bag. If it is found that the dried beans of all the bags in

van al die sakke in 'n besending oor die algemeen van dieselfde klas en kwaliteit is, moet die monsters uit al die sakke deeglik gemeng word. Die graad moet dan volgens die gemengde monster vasgestel word. Sakke wat droëbone bevat wat in enige opsig van dié in ander sakke verskil, moet eenkant gesit word en die droëbone in sodanige sakke moet afsonderlik gegradeer word.

- (2) *Bepaling van vreemde voorwerpe.*—Die persentasie vreemde voorwerpe in 'n hoeveelheid droëbone moet bepaal word deur duplikaatmonsters van 400 gram droëbone in die geval van Klas A, en 200 gram in die geval van al die ander klasse, verkry op die wyse voorgeskryf in subregulasie (1), op so 'n wyse te sif en/of met die hand uit te soek dat die vreemde voorwerpe behoue bly. Die gewig van die vreemde voorwerpe aldus verkry, uitgedruk in 'n persentasie van die totale gewig van die monster is die persentasie vreemde voorwerpe in die monster. As die verskil tussen die persentasies ten opsigte van die twee monsters nie groter as 0·5 is nie, moet die gemiddelde van die twee persentasies genoem word as die persentasie vreemde voorwerpe in die hoeveelheid droëbone wat getoets word. As genoemde persentasies meer as 0·5 verskil, moet die toets herhaal word.
- (3) *Bepaling van heel en gebreekte los saadlobbe.*—Die persentasie heel en gebreekte los saadlobbe in 'n hoeveelheid droëbone moet bepaal word deur uit duplikaatmonsters van 400 gram droëbone in die geval van Klas A, en 200 gram in die geval van alle ander klasse, wat verkry is op die wyse voorgeskryf in sub-regulasie (1) en waaruit alle vreemde voorwerpe voor die weeg daarvan verwyder is, al die heel en gebreekte los saadlobbe met die hand uit te soek. Die gewig van heel en gebreekte los saadlobbe aldus verkry, uitgedruk in 'n persentasie van die totale gewig van die monster, is die persentasie heel en gebreekte los saadlobbe in die monster. As die verskil tussen die persentasies ten opsigte van die twee monsters nie groter as 0·5 is nie, moet die gemiddelde van die twee persentasies geneem word as die persentasie heel en gebreekte los saadlobbe in die hoeveelheid droëbone wat getoets word. As genoemde persentasies meer as 0·5 verskil, moet die toets herhaal word.
- (4) *Bepaling van gebrekkige droëbone.*—Die persentasie gebrekkige droëbone in 'n hoeveelheid droëbone moet bepaal word deur uit duplikaatmonsters van 400 gram droëbone in die geval van Klas A, en 200 gram in die geval van al die ander klasse, wat verkry is op die wyse voorgeskryf in subregulasie (1) en waaruit alle vreemde voorwerpe voor die weeg daarvan verwyder is, al die gebrekkige droëbone met die hand uit te soek. Die gewig van die gebrekkige droëbone aldus verkry, uitgedruk in 'n persentasie van die totale gewig van die monster, is die persentasie gebrekkige droëbone in die monster. As die verskil tussen die persentasies ten opsigte van die twee monsters nie groter as 0·5 is nie, moet die gemiddelde van die twee persentasies geneem word as die persentasie gebrekkige droëbone in die hoeveelheid droëbone wat getoets word. As genoemde persentasies meer as 0·5 verskil, moet die toets herhaal word.
- (5) *Bepaling van droëbone van 'n ander kleur.*—Die persentasie droëbone van 'n ander kleur in 'n hoeveelheid droëbone moet bepaal word deur uit duplikaatmonsters van 400 gram droëbone in die geval van Klas A, en 200 gram in die geval van alle ander klasse, wat verkry is op die wyse voorgeskryf in subregulasie (1) en waaruit alle vreemde voorwerpe en heel en gebreekte los saadlobbe voor die weeg daarvan verwyder is, alle droëbone van 'n ander kleur as dié van die klas waarin dit voorkom, met die hand uit te soek. Die gewig van droëbone van 'n ander kleur aldus verkry, uitgedruk in 'n persentasie van die totale gewig van die monsters, is die persentasie droëbone van 'n ander kleur in die monster. As die verskil tussen die persentasies

a consignment are generally of the same class and quality, the samples drawn from all the bags shall be thoroughly mixed. The grade shall then be determined from the mixed sample. Bags containing dried beans which differ in any respect from those in other bags, shall be put aside and the dried beans contained in such bags shall be graded separately.

- (2) *Determination of Foreign Matter.*—The percentage of foreign matter in a quantity of dried beans shall be determined by sifting and/or handpicking duplicate samples of 400 grammes of dried beans in the case of Class A and 200 grammes in the case of all other classes, obtained in the manner prescribed in sub-regulation (1) in such manner that the foreign matter is retained. The weight of the foreign matter thus obtained, expressed as a percentage of the total weight of the sample, shall be the percentage of foreign matter in the sample. If the percentages in respect of the two samples do not differ by more than 0·5, the average of the two percentages shall be taken as the percentage of foreign matter in the quantity of dried beans tested. If the said percentages differ by more than 0·5, the test shall be repeated.
- (3) *Determination of Whole and Broken Loose Cotyledons.*—The percentage of whole and broken loose cotyledons in a quantity of dried beans shall be determined by handpicking all the whole and broken loose cotyledons from duplicate samples of 400 grammes of dried beans in the case of Class A and 200 grammes in the case of all other classes, obtained in the manner prescribed in sub-regulation (1) from which all foreign matter has been removed before weighing. The weight of the whole and broken loose cotyledons thus obtained, expressed as a percentage of the total weight of the sample, shall be the percentage of whole and broken loose cotyledons in the sample. If the percentages in respect of the two samples do not differ by more than 0·5, the average of the two percentages shall be taken as the percentage of whole and broken loose cotyledons in the quantity of dried beans tested. If the said percentages differ by more than 0·5 the test shall be repeated.
- (4) *Determination of Defective Dried Beans.*—The percentage of defective dried beans in a quantity of dried beans shall be determined by handpicking all the defective dried beans from duplicate samples of 400 grammes of dried beans in the case of Class A and 200 grammes in the case of all other classes, obtained in the manner prescribed in sub-regulation (1) from which all foreign matter has been removed before weighing. The weight of the defective dried beans thus obtained, expressed as a percentage of the total weight of the sample shall be the percentage of defective dried beans in the sample. If the percentages in respect of the two samples do not differ by more than 0·5, the average of the two percentages shall be taken as the percentage of defective dried beans in the quantity of dried beans tested. If the said percentages differ by more than 0·5, the test shall be repeated.
- (5) *Determination of Dried Beans of Another Colour.*—The percentage of dried beans of another colour in a quantity of dried beans shall be determined by handpicking all the dried beans of a colour other than that of the class in which they appear from duplicate samples of 400 grammes of dried beans in case of Class A and 200 grammes in the case of all other classes, obtained in the manner prescribed in sub-regulation (1), from which all foreign matter and whole and broken loose cotyledons have been removed before weighing. The weight of dried beans of another colour thus obtained, expressed as a percentage of the total weight of the sample, shall be the percentage of dried beans of another colour in the sample. If the

ten opsigte van die twee monsters nie groter as 0.5 is nie, moet die gemiddelde van die twee persentasies geneem word as die persentasie droëbone van 'n ander kleur in die hoeveelheid droëbone wat getoets word. As genoemde persentasies meer as 0.5 verskil, moet die toets herhaal word.

(6) *Bepaling van droëbone wat nie tipe-eg is nie.*—Die persentasie droëbone wat nie tipe-eg is nie in 'n hoeveelheid droëbone, moet bepaal word deur uit duplikaatmonsters van 400 gram droëbone in die geval van Klas A, en 200 gram in die geval van alle ander klasse, wat verkry is op die wyse voorgeskryf in subregulasie (1) en waaruit alle vreemde voorwerpe en heel en gebreekte los saadlobbe voor die weeg daarvan verwyder is, alle droëbone wat nie tipe-eg is nie, met die hand uit te soek. Die gewig van die droëbone wat nie tipe-eg is nie en wat aldus verkry word, uitgedruk in 'n persentasie van die totale gewig van die monster, is die persentasie droëbone wat nie tipe-eg is nie in die monster. As die verskil tussen die persentasie ten opsigte van die twee monsters nie groter as 0.5 is nie, moet die gemiddelde van die twee persentasies geneem word as die persentasie droëbone wat nie tipe-eg is nie in die hoeveelheid droëbone wat getoets word. As genoemde persentasies meer as 0.5 verskil, moet die toets herhaal word.

(7) *Bepaling van droëbone met geplooië saadheid.*—Die persentasie droëbone met geplooië saadheid in 'n hoeveelheid droëbone moet bepaal word deur uit duplikaatmonsters van 400 gram droëbone in die geval van Klas A, en 200 gram in die geval van alle ander klasse, wat verkry is op die wyse voorgeskryf in subregulasie (1) en waaruit alle vreemde voorwerpe en heel en gebreekte los saadlobbe voor die weeg daarvan verwyder is, al die droëbone met geplooië saadheid met die hand uit te soek. Die gewig van die droëbone met geplooië saadheid aldus verkry, uitgedruk in 'n persentasie van die totale gewig van die monster, is die persentasie droëbone met geplooië saadheid in die monster. As die verskil tussen die persentasies ten opsigte van die twee monsters nie groter as 0.5 is nie, moet die gemiddelde van die twee persentasies geneem word as die persentasie droëbone met geplooië saadheid in die hoeveelheid droëbone wat getoets word. As genoemde persentasies meer as 0.5 verskil, moet die toets herhaal word.

(8) *Bepaling van droëbone met gebreekte saadheid.*—Die persentasie droëbone met gebreekte saadheid in 'n hoeveelheid droëbone moet bepaal word deur uit duplikaatmonsters van 400 gram droëbone in die geval van Klas A, en 200 gram in die geval van alle ander klasse, wat verkry is op die wyse voorgeskryf in subregulasie (1) en waaruit alle vreemde voorwerpe en heel en gebreekte los saadlobbe voor die weeg daarvan verwyder is, al die droëbone met gebreekte saadheid met die hand uit te soek. Die gewig van die droëbone met gebreekte saadheid, aldus verkry, uitgedruk in 'n persentasie van die totale gewig van die monster, is die persentasie droëbone met gebreekte saadheid in die monster. As die verskil tussen die persentasies ten opsigte van die twee monsters nie groter as 0.5 is nie, moet die gemiddelde van die twee persentasies geneem word as die persentasie droëbone met gebreekte saadheid in die hoeveelheid droëbone wat getoets word. As genoemde persentasies meer as 0.5 verskil, moet die toets herhaal word.

4. Alle houers van droëbone wat vir uitvoer bestem is, moet duidelik gemerk word deur—

- (a) die letter wat die klas droëbone aandui;
- (b) die naam van die betrokke variëteit indien die droëbone as Klas F droëbone geklassifiseer word; en
- (c) die graad van die droëbone;

daarop aan te bring met dien verstande dat alle letters en syfers wat die klas- en graadmerke aandui, nie minder as een duim hoog en een duim wyd moet wees nie.

percentages in respect of the two samples do not differ by more than 0.5, the average of the two percentages shall be taken as the percentage of dried beans of another colour in the quantity of dried beans tested. If the said percentages differ by more than 0.5, the test shall be repeated.

(6) *Determination of Off-type Dried Beans.*—The percentage of off-type dried beans in a quantity of dried beans shall be determined by handpicking all the off-type dried beans from duplicate samples of 400 grammes of dried beans in the case of Class A and 200 grammes in the case of all other classes, obtained in the manner prescribed in sub-regulation (1), from which all foreign matter and whole and broken loose cotyledons have been removed before weighing. The weight of off-type dried beans thus obtained, expressed as a percentage of the total weight of the sample, shall be the percentage of off-type dried beans in the sample. If the percentages in respect of the two samples do not differ by more than 0.5, the average of the two percentages shall be taken as the percentage of off-type dried beans in the quantity of dried beans tested. If the said percentages differ by more than 0.5, the test shall be repeated.

(7) *Determination of Dried Beans with Wrinkled Testa.*—The percentage of dried beans with wrinkled testa in a quantity of dried beans shall be determined by handpicking all dried beans with wrinkled testa from duplicate samples of 400 grammes of dried beans in the case of Class A and 200 grammes in the case of all other classes, obtained in the manner prescribed in sub-regulation (1), from which all foreign matter and whole and broken loose cotyledons have been removed before weighing. The weight of the dried beans with wrinkled testa thus obtained expressed as a percentage of the total weight of the sample, shall be the percentage of dried beans with wrinkled testa in the sample. If the percentages in respect of the two samples do not differ by more than 0.5, the averages of the two percentages shall be taken as the percentage of dried beans with wrinkles testa in the quantity of dried beans tested. If the said percentages differ by more than 0.5, the test shall be repeated.

(8) *Determination of Dried Beans with Broken Testa.*—The percentage of dried beans with broken testa in a quantity of dried beans, shall be determined by handpicking all the dried beans with broken testa from duplicate samples of 400 grammes of dried beans in the case of Class A and 200 grammes in all other cases, obtained in the manner prescribed in sub-regulation (1) from which all foreign matter and whole and broken loose cotyledons have been removed before weighing. The weight of the dried beans with broken testa thus obtained, expressed as a percentage of the total weight of the sample, shall be the percentage of dried beans with broken testa in the sample. If the percentages in respect of the two samples do not differ by more than 0.5 the average of the two percentages shall be taken as the percentage of dried beans with broken testa in the quantity of dried beans tested. If the said percentages differ by more than 0.5, the test shall be repeated.

4. All containers of dried beans intended for export shall be clearly marked by indicating thereon—

- (a) the letter denoting the class of dried beans;
- (b) the name of the variety concerned should the dried beans be classified as Class F dried beans; and
- (c) the grade of the dried beans;

provided that all letters and numbers which denote the class and grade marks shall not be less than one inch high and one inch wide.

5. (1) Droëbone wat vir uitvoer bestem is mag nie lewende insekte wat vir droëbone skadelik is, bevat nie, en alle droëbone moet voor verskeping op koste van die uitvoerder, op so 'n wyse berook word, dat alle lewende insekte wat vir droëbone skadelik is, of die eiers of larwes van sodanige insekte behoorlik vernietig is.

(2) Ten opsigte van droëbone wat ingevolge subregulasie (1) hiervan berook is, moet 'n berokingsertifikaat in die vorm in Bylae A hiervan uiteengesit, deur 'n inspekteur wat ingevolge artikel *twaalf* van die Landbouvoortbrensgesels Uitvoer Wet, 1917, soos gewysig, aangewys is, aan die uitvoerder oorhandig word.

6. Iedere besending droëbone wat vir uitvoer bestem is, moet by die uitvoerhawe geïnspekteer en na inspeksie met die merke G.I.P. gestempel word deur 'n inspekteur wat ingevolge artikel *twaalf* van die Landbouvoortbrensgesels Uitvoer Wet, 1917, soos gewysig, aangewys is.

7. Ten opsigte van droëbone wat vir uitvoer bestem is en—

(a) wat voldoen aan die grade in hierdie regulasies uiteengesit;

(b) wat nie lewendige insekte wat vir droëbone skadelik is bevat nie; en

(c) waarvoor 'n berokingsertifikaat in subregulasie (2) van regulasie 5 genoem, uitgereik is;

moet die inspekteur in regulasie 6 genoem 'n graadsertifikaat in die vorm in Bylae B hiervan uiteengesit, uitreik wat by vertoning van die ladingsbrief aan die verskeper oorhandig moet word.

8. Alle droëbone wat deur die inspekteur in regulasie 6 genoem, afgekeur word op grond daarvan dat dit nie aan hierdie regulasies voldoen nie, moet nie later nie as die sewende dag na sodanige afkeuring op eie koste deur die uitvoerder van die kaaiskure verwyder word; met dien verstande dat droëbone wat afgekeur word omdat dit lewende insekte bevat wat vir droëbone skadelik is, dadelik verwyder moet word.

9. Ten opsigte van droëbone wat vir uitvoer bestem is, moet die gelde vir inspeksie soos van tyd tot tyd in die *Offisiële Spoorwegtariefboek* van die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens gepubliseer, deur die uitvoerder betaal word.

BEPALING VAN DIE VOGGEHALTE VAN DROËBONE.

10. (1) Die voggehalte van droëbone word deur middel van die Brown-Duvel-metode bepaal volgens die monster wat verkry is op die wyse voorgeskryf in subregulasie (1) van regulasie 3 en waaruit alle vreemde voorwerpe verwyder is.

(2) *Toetsmetode.*—Die apparaat vir die bepaling van die voggehalte van droëbone bestaan uit die standaard Brown-Duvel-vogtoetsapparaat. Die apparaat moet op so 'n plek opgestel word dat dit nie in 'n trek staan nie. Eenhonderd gram droëbone waarvan die voggehalte bepaal moet word, tesame met 150 kubieke sentimeter vogtoetsolie, moet in die distilleerfles van die apparaat geplaas word. Nadat die inhoud deeglik gemeng is deur dit te skud, moet die fles toegemaak word met 'n rubberprop met die Celsiustermometer daardeur. Die termometer moet so gestel word dat presis vier-vyfdes van die kwikbol onder die oppervlakte van die olie is. Die fles moet dan in die apparaat geplaas en die afleibuis met die kondenseerbuis verbind word sodat dit dig sluit. Die gaasdraad met asbesmiddelstuk moet in 'n goeie toestand wees. 'n Stroom koue water moet gedurig deur die kondenseertank loop, of anders moet die tank voor elke toets met koue water gevul word. Die maatsilinder, wat skoon en droog moet wees, moet onder die kondenseerbuis geplaas word om die water wat afgedryf word, op te vang. Die deksel moet daarna oor die fleshouer geplaas word en dan moet met die verhitting begin word. Die verhitting moet geskied deur middel van elektrisiteit, blaaslampe, alkoholbranders (spirituslampe) of gasbranders. Indien 'n vlam gebruik word, moet dit so gestel word dat dit reg onder die middel van die asbesmiddelstuk is. Die staander waarop die fles rus, moet so hoog wees dat die bodem van die fles ongeveer $\frac{3}{8}$ duim bo die asbes is. Die verhitting moet egalig geskied en so gereël word dat 'n

5. (1) Dried beans intended for export shall not contain live insects that are injurious to dried beans, and all dried beans shall prior to shipment at the expense of the exporter be fumigated in such manner that all live insects that are injurious to dried beans or the eggs or larvae of such insects are effectively destroyed.

(2) In respect of dried beans fumigated in terms of sub-regulation (1) hereof, a fumigation certificate, on the form set out in Schedule A hereto, shall be delivered to the exporter by an inspector, designated in terms of section *twelve* of the Agricultural Produce Export Act, 1917, as amended.

6. Every consignment of dried beans intended for export shall be inspected and after inspection branded with the marks G.I.P. at the port of export by an inspector designated in terms of section *twelve* of the Agricultural Produce Export Act, 1917, as amended.

7. In respect of dried beans intended for export—

(a) which conform to the grades specified in these regulations;

(b) which do not contain live insects that are injurious to dried beans; and

(c) for which a fumigation certificate, referred to in sub-regulation (2) of regulation 5, has been issued;

the inspector referred to in regulation 6 shall issue a grade certificate, in the form set out in Schedule B hereto, which shall be delivered to the shipper on production of the bill of lading.

8. All dried beans rejected by the inspector referred to in regulation 6 as not complying with these regulations shall be removed from the wharf sheds by the exporter at his own cost not later than the seventh day after such rejection, provided that dried beans that are rejected as containing live insects that are injurious to dried beans, shall be removed forthwith.

9. In respect of all dried beans intended for export the fees for inspection as published in the *Official Railway Tariff Book* of the South African Railways and Harbours Administration from time to time, shall be payable by the exporter.

DETERMINATION OF THE MOISTURE CONTENT OF DRIED BEANS.

10. (1) The moisture content of dried beans shall be determined by means of the Brown-Duvel method on the basis of the sample, obtained in the manner prescribed in sub-regulation (1) of regulation 3, from which all foreign matter has been removed.

(2) *Method of Testing.*—The apparatus for the determination of the moisture content of dried beans shall consist of the standard Brown-Duvel moisture testing apparatus. The apparatus shall be installed in such a position that it will not be subject to draught. One hundred grammes of dried beans of which the moisture content is to be determined, together with 150 cubic centimetres of moisture testing oil, shall be placed in the distilling flask of the apparatus. After the contents have been thoroughly mixed by shaking, the flask shall be closed with a rubber stopper through which passes the centigrade thermometer. The thermometer shall be so adjusted that exactly four-fifths of the mercury bulb is immersed in the oil. The flask shall then be placed in the apparatus and the delivery tube shall be connected with the condenser tube so that it fits properly. The wire gauze with asbestos centre shall be in good condition. A continuous stream of cold water shall pass through the condenser tank, or the tank shall be filled with cold water before each test. The measuring cylinder which shall be clean and dry, shall be placed under the condenser tube to collect the water driven off. The cover shall then be placed over the flask compartment and the heating commenced. Heat shall be applied either by means of electricity, blow lamps, spirit lamps or gas burners. If a flame is used it shall be placed in such a position that it will be beneath the centre of the

temperatuur van 175° C. in minstens 19 minute en hoogstens 21 minute bereik word. As die voggehalte van die monster besonder hoog is, kan skuim die inhoud van die fles laat oorkook indien die normale metode van verhitting toegepas word. Onder sulke omstandighede kan die juiste voggehalte die beste bepaal word deur die mengsel vinnig te verhit totdat die olie begin borrel, en die verhitting daarna te verminder totdat 'n paar kubieke sentimeter water verdamp het. Normale verhitting kan dan weer toegepas en die oorblywende vog deur middel van verdamping sonder skuimvorming binne die voorgeskrewe tydperk afgedryf word.

Sodra die temperatuur van 175° C. bereik word, moet verhitting dadelik gestaak word. Nadat die verhitting afgesluit is, sal 'n geringe geleidelike styging in temperatuur plaasvind. 'n Skielike styging of daling van etlike grade in die temperatuur is egter 'n aanduiding dat die verhitting gedurende die laaste deel van die proses te skerp was, of as die water wat deur die afleibuis gedistilleer word, verkleur is, is dit 'n aanduiding dat die droëbone aangebrand het en in sodanige gevalle moet die bepaling herhaal word.

Die deksel en termometer moet nie afgehaal word voordat die temperatuur tot 160° C. gedaal het nie. Wanneer die temperatuur 160° C. is, moet die deksel afgehaal, die termometer uitgehaal en die afleibuis daarna van die kondenseerbuis losgemaak, en alle druppels water wat aan die binnekant van die maatglas kleef, afgeskud word. Die hoeveelheid water onder die olielaag in die maatglas moet afgelees word in kubieke sentimeters tot een-tiende van 'n kubieke sentimeter.

Alle bepalings moet twee keer gedoen word en indien die resultate van die twee bepalings nie met meer as 0.2 verskil nie, moet die gemiddelde van die twee resultate as die persentasie voggehalte geneem word; indien die verskil tussen die twee resultate groter as 0.2 is, moet die bepaling herhaal word totdat twee resultate verkry word wat nie met meer as 0.2 verskil nie.

By die gebruik van die Brown-Duvel-apparaat moet gesorg word dat voos rubberproppe nie gebruik word nie, dat geen olie onmiddellik na 'n vorige toets weer gebruik word nie en dat die kwikkolom in die termometer ongebroke is voordat daar met 'n toets begin word. Vars olie of olie wat vir geruime tyd nie gebruik is nie, moet vir elke toets gebruik word. In alle gevalle moet die olie tot 'n temperatuur van ongeveer 200° C. verhit word en eers afgekoel word, voordat dit gebruik word. Indien 'n nuwe fles gebruik word, of indien die apparaat nie gedurende die voorafgaande 24 uur in gebruik was nie, moet 'n voorlopige vogbepaling eers met 'n monster droëbone uitgevoer word.

Wanneer die apparaat nie in gebruik is nie, moet die termometers in die fesse gehou word en die fesse met die afleibuisse verbind wees op dieselfde wyse as wanneer 'n toets gedoen word.

asbestos centre. The stand supporting the flask shall be so adjusted that the bottom of the flask will be approximately $\frac{3}{8}$ inch above the asbestos. Heat shall be applied evenly and be so regulated that a temperature of 175°C is reached in not less than 19 and not more than 21 minutes. If the moisture content of the sample is very high, foaming may result in the contents of the flask boiling over if the normal heating procedure is applied. In this event the correct moisture content can be best determined by heating the mixture rapidly until the oil starts bubbling and thereafter reducing the heating until a few cubic centimetres of water has evaporated. Normal heating can then again be applied and the remaining moisture be driven off by evaporation within the prescribed time without foaming. When the temperature of 175°C. is reached, the heating shall be discontinued immediately. After the heat is turned off, a slight gradual rise in temperature will occur. A sudden increase or sudden decrease in temperature of several degrees, however, indicates that the heating was too intense during the latter part of the process or if the water which is distilled through the delivery tube is discoloured, it is an indication that the dried beans were burnt and in such cases the determination shall be repeated.

The cover and thermometer shall not be removed until the temperature has dropped to 160°C. When the temperature of 160°C. is reached, the cover shall be removed, the thermometer taken out and the delivery tube disconnected from the condenser tube and all drops of water clinging to the inside of the measuring cylinder shaken down. The quantity of water beneath the layer of oil in the measuring cylinder shall be read in cubic centimetres to one-tenth of one cubic centimetre.

All determinations shall be made twice and should the results of the two determinations not differ by more than 0.2, the average of the two results shall be taken as the percentage of moisture content. If the results of the two determinations differ by more than 0.2, the determination shall be repeated until two results are obtained that do not differ by more than 0.2.

In using the Brown-Duvel apparatus care shall be taken to avoid the use of mushy rubber stoppers, not to use oil directly from a previous test and to see that the column of mercury in the thermometer is continuous before commencing any test. Each test shall be done either with fresh oil or oil that has not been used for some time. In all cases the oil shall first be heated to a temperature of approximately 200°C, and cooled before it is used. If a new flask is used, or if the apparatus was not used at any time during the previous 24 hours, a preliminary moisture determination shall first be carried out with a sample of dried beans.

When the apparatus is not in use, the thermometers shall be kept in the flasks and the flasks and delivery tubes shall be connected in the same manner as when a test is made.

BYLAE A. No. _____

UNIE VAN SUID-AFRIKA.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU.

BEROKINGSERTIFIKAAT.

Hiermee word gesertifiseer dat die droëbone hierin beskryf berook is deur _____

wie se toerusting gereeld nagesien word en goedgekeur is deur die Departement van Landbou van die Unie van Suid-Afrika.

Datum van beroking _____
Berokingsmiddel gebruik _____
Tyd blootgestel aan gas _____

BESKRYWING VAN BESENDING.

Afsender _____
Vir verskeping per S.S. _____
Geadresseerde _____
Verskeep na (i) hawe _____
Merke op sakke _____
Opmerkings: _____

No. _____

SCHEDULE A.

UNION OF SOUTH AFRICA.

DEPARTMENT OF AGRICULTURE.

FUMIGATION CERTIFICATE.

This is to certify that the dried beans herein described were fumigated by _____

whose equipment is regularly inspected and has been approved of by the Department of Agriculture of the Union of South Africa.

Date of fumigation _____
Fumigant used _____
Time exposed to gas _____

DESCRIPTION OF CONSIGNMENT.

Consignor _____
For shipment per S.S. _____
Consignee _____
Consigned to Port of _____
Marks shown on bags _____
Remarks _____

Hierdie sertifikaat wat namens die Regering van die Unie van Suid-Afrika uitgereik word, dui slegs aan dat die droëbone waarvan hierin melding gemaak word, berook is en moet nie geag word enige aanspreeklikheid op genoemde Regering te plaas indien die droëbone ten tye van verskeping lewende insekte wat vir droëbone skadelik is, bevat nie.

Datum _____
Plek _____

Inspekteur.

BYLAE B. No. _____

UNIE VAN SUID-AFRIKA.
DEPARTEMENT VAN LANDBOU.
Kantoor van die Staatsgraaninspekteur,

19

UITVOER-GRAADSERTIFIKAAT.

Hiermee word gesertifiseer dat die droëbone hierin beskryf—
(a) 'n produk van die Unie van Suid-Afrika is en behoorlik geïnspekteer is, dat gevind is dat die droëbone gesond is en bestaan uit die klas en graad hieronder uiteengesit en dat die droëbone in sakke/massa* verskeep is; en
(b) berook is teen skadelike insekte.

Afsender _____
Verskeep per S.S. _____
Verskeep na die Hawe _____
Klas _____
Graad _____
Graadmerk op sakke, as daar is _____
Aantal sakke _____
Toestand van sakke _____
Opmerkings: _____

Hierdie sertifikaat wat namens die Regering van die Unie van Suid-Afrika uitgereik word, dui aan die graad en toestand van die droëbone waarvan hierin melding gemaak word ten tye van verskeping daarvan en moet nie geag word enige aanspreeklikheid op genoemde Regering te plaas ten opsigte van verskille tussen graad en toestand ten tye van verskeping en graad en toestand ten tye van ontlading nie, of ten opsigte van die aanwesigheid, ten tye van ontlading van lewende insekte wat skadelik vir droëbone is.

Inspekteur.

Hawe-goederesuperintendent.

Is.
Inkomste-
seël.

* Skrap woord wat nie van toepassing is nie.

No. 1082.] [19 Julie 1957.
MOND-EN-KLOUSEERGEBIEDE EN BEPERKINGS
IN VERBAND MET MOND-EN-KLOUSEER.

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *sesien* van die Veeziekten Wet, 1911 (Wet No. 14 van 1911), soos gewysig, het die Waarnemende Minister van Landbou as volg beveel:—

Klousule (b) van paragraaf 2 van Goewerments-kennisgewing No. 1057 van 12 Julie 1957 word hierby herroep en deur die volgende klousule vervang:—

(b) Die magistraatsdistrikte Waterberg, Rustenburg, Marico, Mafeking, Vryburg, Taung, Kuruman, Postmasburg en Gordonia.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 1059.] [19 Julie 1957.
BENOEMING VAN 'N SENATOR VIR DIE UNIE.

Hierby word bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoeffening van die Uitvoerende Gesag behaag het om, ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel *twee* van die Senaatwet, 1955, mnr. Ernst Rood van Senator Markslaan 72, Vereeniging, met ingang van 4 Junie 1957 tot Senator te benoem in die plek van Senator die Edele W. S. Bruwer wat bedank het.

This certificate which is issued on behalf of the Government of the Union of South Africa merely indicates that the dried beans herein referred to were fumigated and no responsibility shall be deemed to devolve upon the said Government should the dried beans contain live insects that are injurious to dried beans, at the time of loading.

Date _____
Place _____

Inspector.

SCHEDULE B. No. _____

UNION OF SOUTH AFRICA.
DEPARTMENT OF AGRICULTURE.
Office of the Government Grain Inspector,

19

EXPORT GRADE CERTIFICATE.

This is to certify that the dried beans described hereunder—
(a) is a product of the Union of South Africa and has been duly examined and found to be in sound condition, is of the class and grade set forth below and has been shipped in bags/bulk*; and
(b) has been fumigated against injurious insects.

Consignor _____
Shipment per S.S. _____
Consigned to Port of _____
Class _____
Grade _____
Grade mark shown on bags, if any _____
Number of bags _____
Condition of bags _____
Remarks: _____

This certificate which is issued on behalf of the Government of the Union of South Africa, reflects the grade and condition of the dried beans herein referred to at the time of shipment and no responsibility shall be deemed to devolve upon the said Government in respect of discrepancies between grade and condition as at the time of shipment and at the time of discharge, or in respect of the presence of live insects injurious to dried beans at the time of discharge.

Inspector.

Port Goods Superintendent.

Is.
Revenue
Stamp.

* Delete word not required.

No. 1082.] [19 July 1957.
FOOT AND MOUTH DISEASE AREAS AND
RESTRICTIONS IN CONNECTION WITH FOOT
AND MOUTH DISEASE.

Under the powers vested in him by section *sixteen* of the Diseases of Stock Act, 1911 (Act No. 14 of 1911), as amended, the Acting Minister of Agriculture has ordered as follows:—

Clause (b) of paragraph 2 of Government Notice No. 1057 of the 12th July, 1957, is hereby repealed and the following clause substituted therefor:—

(b) The Magisterial Districts of Waterberg, Rustenburg, Marico, Mafeking, Vryburg, Taung, Kuruman, Postmasburg and Gordonia.

DEPARTMENT OF INTERIOR.

No. 1059.] [19 July 1957.
NOMINATION OF A SENATOR FOR THE UNION.

It is hereby notified that His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased, under the provisions of paragraph (a) of sub-section (1) of section *two* of the Senate Act, 1955, to nominate Mr. Ernst Rood of 72 Senator Marks Avenue, Vereeniging, as a Senator with effect from the 4th June, 1957, in the place of Senator the Honourable W. S. Bruwer, resigned.

No. 1060.] [19 Julie 1957.
BENOEMING VAN 'N SENATOR VIR DIE UNIE.

Hierby word bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag het om, ooreenkomstig die bepalings van paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel twee van die Senaatwet, 1955, Eerwaarde Willem Schalk Bruwer, van „Devilla”, Posbus 37, Middelburg, Transvaal, met ingang van 4 Junie 1957 tot Senator te benoem in die plek van wyle Senator die Edele P. W. le Roux van Niekerk.

Verder word bekendgemaak dat ooreenkomstig die bepalings van subartikel (2) van artikel drie van genoemde Wet Sy Eksellensie Eerwaarde Willem Schalk Bruwer gekies het op grond hoofsaaklik van sy grondige kennis uit hoofde van sy amptelike ondervinding of andersins van die redelike behoeftes en wense van die gekleurde rasse in Suid-Afrika.

No. 1061.] [19 Julie 1957.
BENOEMING VAN 'N SENATOR VIR DIE
PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP.

Hierby word bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitoefening van die Uitvoerende Gesag behaag het om, ooreenkomstig die bepalings van artikel sewe van die Wet op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers, 1951, soos gewysig, Eerwaarde Johannes Marthinus Nicolaas Breedt, van „Uitsig”, Pk. Wellington, met ingang van 4 Junie 1957 tot Senator te benoem op grond van sy grondige kennis uit hoofde van sy amptelike ondervinding of andersins van die redelike behoeftes en wense van die nie-blanke bevolking in die provinsie Kaap die Goeie Hoop.

No. 1062.] [19 Julie 1957.
VERKIESING VAN 'N SENATOR VIR DIE
PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP.

Ooreenkomstig die bepalings van paragraaf drie-en-twintig van die regulasies betreffende die gesamentlike verkiesing van Senatore, opgestel ingevolge die bepalings van artikel vier van die Senaatwet, 1955, en afgekondig by Goewermentskennisgewing No. 1987 van 30 September 1955, word hierby bekendgemaak dat mnr. Stephanus Cornelius Zondagh, van „Heimat”, Pk. Groot-Brakrivier, op die 18de dag van Junie 1957, behoorlik verkose verklaar is as 'n Senator vir die Provinsie Kaap die Goeie Hoop in die plek van wyle Senator die Edele G. R. Malherbe.

No. 1073.] [3 Julie 1957.
WET TOT REGELING VAN IMMIGRATIE, 1913.—
AMPTENAAR GEMAGTIG OM TYDELIKE
PERMITTE TE ONDERTEKEN.

Kragtens subartikel (2) van artikel drie-en-twintig van die Wet tot Regeling van Immigratie, 1913 (Wet No. 22 van 1913), soos gewysig, magtig ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Binnelandse Sake, mnr. Pieter Jacobus Antonius van Litsenborgh, Immigrasie-ondersoekbeampte op die diensstaat van die Kommissaris van Immigrasie en Asiatesake te Beitbrug, om tydelike permitte wat kragtens subartikel (1) van artikel vyf-en-twintig van voormelde Wet uitgereik mag word, met ingang van 1 Mei 1957, te onderteken.

No. 1074.] [3 Julie 1957.
WET TOT REGELING VAN IMMIGRATIE, 1911.—
AMPTENAAR GEMAGTIG OM TYDELIKE
PERMITTE TE ONDERTEKEN.

Kragtens subartikel (2) van artikel drie-en-twintig van die Wet tot Regeling van Immigratie, 1913 (Wet No. 22 van 1913), soos gewysig, magtig ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Binnelandse Sake, mnr. Izak Stephanus Rothman, Immigrasie-ondersoekbeampte op die diensstaat van die Kommissaris van Immigrasie en

No. 1060.] [19 July 1957.
NOMINATION OF A SENATOR FOR THE
UNION.

It is hereby notified that His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased, under the provisions of paragraph (a) of sub-section (1) of section two of the Senate Act, 1955, to nominate the Reverend Willem Schalk Bruwer of “Devilla”, P.O. Box 37, Middelburg, Transvaal as a Senator with effect from the 4th June, 1957, in the place of Senator the Honourable P. W. le Roux van Niekerk, deceased.

It is further notified that, in terms of the provisions of sub-section (2) of section three of the said Act, His Excellency has selected the Reverend Willem Schalk Bruwer on the ground mainly of his thorough acquaintance, by reason of his official experience or otherwise, with the reasonable wants and wishes of the Coloured races in South Africa.

No. 1061.] [19 July 1957.
NOMINATION OF A SENATOR FOR THE
PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE.

It is hereby notified that His Excellency the Officer Administering the Government has been pleased, under the provisions of section seven of the Separate Representation of Voters Act, 1951, as amended, to nominate the Reverend Johannes Marthinus Nicolaas Breedt of „Uitsig”, P.O. Wellington as a Senator with effect from the 4th June, 1957, on the ground of his thorough acquaintance, by reason of his official experience or otherwise, with the reasonable wants and wishes of the non-European population in the Province of the Cape of Good Hope.

No. 1062.] [19 July 1957.
ELECTION OF A SENATOR FOR THE PROVINCE
OF THE CAPE OF GOOD HOPE.

In accordance with the provisions of paragraph twenty-three of the regulations governing the joint election of Senators, framed under the provisions of section four of the Senate Act, 1955, and published under Government Notice No. 1987, dated the 30th September, 1955, it is hereby notified that Mr. Stephanus Cornelius Zondagh of “Heimat”, P.O. Great Brak River, was declared on the 18th June, 1957, to be duly elected a Senator for the Province of the Cape of Good Hope in the place of Senator the Honourable G. R. Malherbe, deceased.

No. 1073.] [3 July 1957.
IMMIGRANTS' REGULATION ACT, 1913.—OFFI-
CER AUTHORISED TO SIGN TEMPORARY
PERMITS.

Under sub-section (2) of section twenty-three of the Immigrants' Regulation Act, 1913 (Act No. 22 of 1913), as amended, I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of the Interior, hereby authorise Mr. Pieter Jacobus Antonius van Litsenborgh, Immigration Examining Officer, on the establishment of the Commissioner for Immigration and Asiatic Affairs at Beit Bridge, to sign temporary permits from the 1st May, 1957, which may be issued in terms of sub-section (1) of section twenty-five of the Act.

No. 1074.] [3 July 1957.
IMMIGRANTS' REGULATION ACT, 1913.—
OFFICER AUTHORISED TO SIGN TEMPO-
RARY PERMITS.

Under sub-section (2) of section twenty-three of the Immigrants' Regulation Act, 1913 (Act No. 22 of 1913), as amended, I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of the Interior, hereby authorise Mr. Izak Stephanus Rothman, Immigration Examining Officer, on

Asiatesake te Windhoek, om tydelike permitte wat kragtens subartikel (1) van artikel vyf-en-twintig van voormelde Wet uitgereik mag word, met ingang van 1 Mei 1957 te onderteken.

No. 1075.] [3 Julie 1957.
WET TOT REGELING VAN IMMIGRATIE, 1913.—
AMPTENAAR GEMAGTIG OM TYDELIKE
PERMITTE EN ANDER SERTIFIKATE TE
ONDERTEKEN.

Kragtens subartikel (2) van artikel drie-en-twintig van die Wet tot Regeling van Immigratie, 1913 (Wet No. 22 van 1913), soos gewysig, magtig ek THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Binnelandse Sake, Barend Rudolf Buys, Kantoorassistent, Graad II, op die diensstaat van die Verkiesingsbeampte, Bloemfontein, hierby om tydelike permitte wat ooreenkomstig subartikel (1) van artikel vyf-en-twintig van voormelde Wet uitgereik kan word en dié ander sertifikate en dokumente wat ooreenkomstig die regulasies wat kragtens die Wet uitgevaardig is, uitgereik kan word, met ingang van 1 Mei 1957 te onderteken.

No. 1078.] [19 Julie 1957.
VRYSTELLING VAN SEKERE MAATSKAPPYE
VAN DIE BEPALINGS VAN SUBARTIKEL (1)
VAN ARTIKEL SESTIEN VAN DIE WET OP
GROEPSGEBIEDE 1950.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by die voorbehoudsbepaling van subartikel (1) van artikel sestien van die Wet op Groepsgebiede, 1950 (Wet No. 41 van 1950) stel ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Binnelandse Sake—

- (a) die maatskappye in die Bylae hiervan genoem, en en enige ander maatskappy waarin enige van daardie maatskappye nou of in die toekoms 'n beheersende belang soos omskrywe in artikel een van bedoelde Wet mag besit of geag word te besit; en
- (b) 'n maatskappy waarin 'n in paragraaf (a) bedoelde ander maatskappy nou of in die toekoms 'n beheersende belang soos omskrywe in artikel een van bedoelde Wet mag besit of geag word te besit,

vry van die bepalings van bedoelde subartikel vir sover hulle op die verkryging of besit van onroerende goed in die beheerde gebied of in enige groepsgebied vir lede van die blanke groep betrekking het.

T. E. DÖNGES,
Minister van Binnelandse Sake.

BYLAE.

Anglo American Corporation of South Africa, Limited.
Anglo-Transvaal Consolidated Investment Company, Limited.
General Mining and Finance Corporation, Limited.
Johannesburg Consolidated Investment Company, Limited.
New Consolidated Gold Fields, Limited.
New Kleinfontein Gold Mining Company, Limited.
Rand Mines, Limited.
The Central Mining and Investment Corporation, Limited.
Transvaal and Delagoa Bay Investment Company, Limited.
Union Corporation, Limited.

DEPARTEMENT VAN VERDEDIGING.

No. 1063.] [19 Julie 1957.
AANSTELLINGS MET OFFISIERSRANG BY DIE
UNIEVERDEDIGINGSMAG.

Dit het Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die Uitvoering van die Uitvoerende Gesag-in-rade behaag om, kragtens subartikel (5) van artikel agt-en-twintig van die Zuid Afrika Verdedigings Wet, 1912, die ondergenoemdes

the establishment of the Commissioner for Immigration and Asiatic Affairs at Windhoek, to sign temporary permits from the 1st May, 1957, which may be issued in terms of sub-section (1) of section twenty-five of the Act.

No. 1075.] [3 July 1957.
IMMIGRANTS' REGULATION ACT, 1913.—
OFFICERS AUTHORISED TO SIGN TEMPO-
RARY PERMITS AND OTHER CERTIFICATES.

Under sub-section (2) of section twenty-three of the Immigrants' Regulation Act 1913 (Act No. 22 of 1913), as amended, I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of the Interior, hereby authorise Barend Rudolf Buys, Office Assistant, Grade II, on the establishment of the Electoral Officer at Bloemfontein, to sign temporary permits which may be issued in terms of sub-section (1) of section twenty-five of the aforementioned Act, and such other certificates and documents as may be issued under the regulations framed under the Act, from the 1st May, 1957.

No. 1078.] [19 July 1957.
EXEMPTION OF CERTAIN COMPANIES FROM
THE PROVISIONS OF SUB-SECTION (1) OF
SECTION SIXTEEN OF THE GROUP AREAS
ACT, 1950.

Under the powers vested in me by the proviso to sub-section (1) of section sixteen of the Group Areas Act, 1950 (Act No. 41 of 1950) I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of the Interior, hereby exempt—

- (a) the companies specified in the Schedule hereto and any other company in which any of those companies may now or in future have or be deemed to have a controlling interest, as defined in section one of the said Act; and
- (b) any company in which any such other company referred to in paragraph (a) above may now or in future have or be deemed to have a controlling interest as defined in section one of the said Act,

from the provisions of the said sub-section in so far as they relate to the acquisition or holding of immovable property in the controlled area or any group area for members of the white group.

T. E. DÖNGES,
Minister of the Interior.

SCHEDULE.

Anglo American Corporation of South Africa, Limited.
Anglo-Transvaal Consolidated Investment Company, Limited.
General Mining and Finance Corporation, Limited.
Johannesburg Consolidated Investment Company, Limited.
New Consolidated Gold Fields, Limited.
New Kleinfontein Gold Mining Company, Limited.
Rand Mines, Limited.
The Central Mining and Investment Corporation, Limited.
Transvaal and Delagoa Bay Investment Company, Limited.
Union Corporation, Limited.

DEPARTMENT OF DEFENCE.

No. 1063.] [19 July 1957.
APPOINTMENTS TO COMMISSIONED RANK IN
THE UNION DEFENCE FORCES.

His Excellency the Officer Administering the Government-in-Council has been pleased, under sub-section (5) of section twenty-eight of the South Africa Defence Act, 1912, to appoint to commissioned rank in the Union

met officiersrang by die Unieverdedigingsmag aan te stel met ingang van die vermelde datums. Die name van die mag en eenheid waarby hulle ingedeel is, verskyn bo hulle name:—

SUID-AFRIKAANSE STAANDE MAG.

SUID-AFRIKAANSE LEËR.

Tegniese en Administratiewe Tak.

Kaptein (op proef) (kortdiensaanstelling).—Johan George van Gas, M.B., Ch.B., 1 Maart 1957.

SUID-AFRIKAANSE VLOOT.

Tak Algemene Diens (Uitvoerend).

Waarnemende onderluitenant (op proef).—Philip Lawrence Scott, B.A., 1 April 1957.

Tegniese en Administratiewe Tak (Instruktors).

Luitenant-instrukteur (op proef).—Frans Antonie Gerber, B.A., 30 Maart 1957.

Tegniese en Administratiewe Tak (Voorrade en sekretaries).

Luitenant(S) (op proef).—Louis Nel, M.Comm., 1 April 1957.

AKTIEWE BURGERMAG.

1 Veldregiment (Prince Alfred's Own Cape Field Artillery), S.A.A.

Tweede luitenant.—Kannonnier André Potgieter, 11 April 1957.

1 Observasieregiment, S.A.A.

Tweede luitenant (in alfabetiese volgorde).—Sersant Thomas Langley, B.A. (Regte), 5 April 1957; Stephanus Immelman Malan, M.A., 29 Maart 1957; sersant Lubertus Hendrikus Jakob Poortier, B.Sc., 8 April 1957 en adjudant-offisier klas II Barend Cloete Stevens, B.Sc., 1 Maart 1957.

8 Veldregiment, S.A.A.

Tweede luitenant.—Sersant David Hendrik Verheem, 11 Maart 1957.

9 Veldregiment (Staatsartillerie), S.A.A.

Tweede luitenant.—Bombardier Jacobus Marthinus van Nieuwenhuizen, 29 Maart 1957.

2 Mediumregiment, S.A.A.

Luitenant.—Hermanus Johannes Geyer, voorheen kaptein, Lydenburg se Skietkommando, 8 April 1957.

Regiment Botha.

Luitenant.—Johannes Petrus Joubert, voorheen luitenant, Lydenburg se Skietkommando, 28 Maart 1957.

Regiment Piet Retief.

Tweede luitenant.—David Hercules Malan, voorheen kaptein, Winterberg se Skietkommando, 8 April 1957.

Algemene Lys (Afdeling Kadette).

Tweede luitenant.—Gert Diederik Jacobus Duvenage, M.A., 23 Julie 1955.

6 Divisievoorradveldpark, A.D.K.

Tweede luitenant.—Adjudant-offisier klas II Willem Karel Groenewald, 21 Maart 1957.

6 Veldambulans, S.A.G.D.

Kaptein.—Albert Theodor Berthold Heinrich Bodenstab, M.B., Ch.B., D.P.H., D.T.M. & H., 10 April 1957.

8 Veldambulans, S.A.G.D.

Kaptein.—Charles Clifton Miles Kemp, M.B., Ch.B., voorheen kaptein (M.O.), Christiana se Skietkommando, 28 Maart 1957.

SUID-AFRIKAANSE VLOOT.

S.A.S. Donkin.

Waarnemende onderluitenant (op proef).—Tydelike baasseeman Keith Arthur Adams, 1 Januarie 1957.

Defence Forces, with effect from the dates stated, the persons named hereunder, who are posted to the Force and Unit as indicated above their respective names:—

SOUTH AFRICAN PERMANENT FORCE.

SOUTH AFRICAN ARMY.

Technical and Administrative Branch.

As Captain (on probation) (Short Service Commission).—Johan George van Gas, M.B., Ch.B., 1st March, 1957.

SOUTH AFRICAN NAVY.

General Duties Branch (Executive).

